



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 180

EKWITEIT IN KAPITAALWINSBELASTING

Prof K Coetzee

Inougurele rede gehou op 25 Oktober 2002

EKWITEIT IN KAPITAALWINSBELASTING

Twee uiteenlopende aanhalings het my oog gevang naamlik:
"Capital gains tax is ... a tax on extra goodies: a house at the sea that you use once a year, the third car, the fourth wife, the fifth facelift. And it's not a tax on owning, just a tax on disposing. ...Doesn't actually have much to do with the man on the street. Mainly the groot ou in the Merc, or the classy goose in the BMW"
(Pieter Dirk Uys)

en die meer ernstige opskrif van die *Business Times Money* van 18 Augustus 2002 :

"Capital gains tax puts estate planning in nightmare terrain"

wat my laat besluit het om die regverdigheid al dan nie van kapitaalwinsbelasting te oorweeg vir vanaand se rede. Die reuse onkunde oor die werking van kapitaalwins soos duidelik uitgelig in die eerste aanhaling kan vir die man in die straat duur te staan kom. 'n Gedeelte van die studie is gedoen vir 'n referaat voorheen aangebied in Frankryk en dit het op die effek van kapitaalwinsbelasting op vertikale ekwiteit gekonsentreer. Die boedelbelasting dilemma het weer meer 'n effek op horisontale ekwiteit tussen individue.

INLEIDING

Die afgelope twintig jaar het baie veranderinge in die Suid Afrikaanse belastingstelsel gesien. Meeste van die veranderinge het 'n invloed gehad op die ekwiteit of dan regverdigheid van die stelsel:

-Instelling van belasting op byvoordele het gepoog om inkomste van individue/natuurlike persone meer regverdig te belas hetsy hul salaris slegs in kontant betaal is of in 'n kombinasie van kontant, huis-, motor- of ander byvoordele is.

-Sedert 1990 is die belasting van getroude pare verander. Voorheen is die getroude paar se inkomste saam in die hande van die man belas. Die wetgewing is geleidelik gewysig en uiteindelik is die getroude vrou se inkomste apart van haar man belas met die uitbreiding van die teenvermydingsartikel 7(2) van die Inkomstebelastingwet om die verdeling van inkomste tussen die twee en 'n gepaardgaande skuiwing van die belastinglas na die eggenoot met die laagste marginale koers te verhoed. Dit het egter daartoe gelei dat die wetgewing die ekonomiese realiteit van gesinne wat as die kleinste ekonomiese eenheid funksioneer ignoreer. Eenbroodwinnersgesinne, enkelouer-gesinne of ander huishoudings waar versorging geskenk word aan afhanklikes soos bejaarde ouers word nie deur middel van die belastingwet erken nie. Horisontale ekwiteit het dus daar onder gely.

EKWITEIT IN KAPITAALWINSBELASTING

Twee uiteenlopende aanhalings het my oog gevang naamlik:
"Capital gains tax is ... a tax on extra goodies: a house at the sea that you use once a year, the third car, the fourth wife, the fifth facelift. And it's not a tax on owning, just a tax on disposing. ...Doesn't actually have much to do with the man on the street. Mainly the groot ou in the Merc, or the classy goose in the BMW"
(Pieter Dirk Uys)

en die meer ernstige opskrif van die *Business Times Money* van 18 Augustus 2002 :

"Capital gains tax puts estate planning in nightmare terrain"

wat my laat besluit het om die regverdigheid al dan nie van kapitaalwinsbelasting te oorweeg vir vanaand se rede. Die reuse onkunde oor die werking van kapitaalwins soos duidelik uitgelig in die eerste aanhaling kan vir die man in die straat duur te staan kom. 'n Gedeelte van die studie is gedoen vir 'n referaat voorheen aangebied in Frankryk en dit het op die effek van kapitaalwinsbelasting op vertikale ekwiteit gekonsentreer. Die boedelbelasting dilemma het weer meer 'n effek op horisontale ekwiteit tussen individue.

INLEIDING

Die afgelope twintig jaar het baie veranderinge in die Suid Afrikaanse belastingstelsel gesien. Meeste van die veranderinge het 'n invloed gehad op die ekwiteit of dan regverdigheid van die stelsel:

- Instelling van belasting op byvoordele het gepoog om inkomste van individue/natuurlike persone meer regverdig te belas hetsy hul salaris slegs in kontant betaal is of in 'n kombinasie van kontant, huis-, motor- of ander byvoordele is.

- Sedert 1990 is die belasting van getroude pare verander. Voorheen is die getroude paar se inkomste saam in die hande van die man belas. Die wetgewing is geleidelik gewysig en uiteindelik is die getroude vrou se inkomste apart van haar man belas met die uitbreiding van die teenvermydingsartikel 7(2) van die Inkomstebelastingwet om die verdeling van inkomste tussen die twee en 'n gepaardgaande skuiwing van die belastinglas na die eggenoot met die laagste marginale koers te verhoed. Dit het egter daartoe gelei dat die wetgewing die ekonomiese realiteit van gesinne wat as die kleinste ekonomiese eenheid funksioneer ignoreer. Eenbroodwinnersgesinne, enkelouer-gesinne of ander huishoudings waar versorging geskenk word aan afhanklikes soos bejaarde ouers word nie deur middel van die belastingwet erken nie. Horisontale ekwiteit het dus daar onder gely.

verarmde omstandighede leef. Die Minister van Finansies het die toedeling aan armoede, werk en ontwikkeling jaarliks verhoog vanaf 1999 en het aangedui dat uitgawes aan sosiale dienste, onderwys en welsyn die grootste deel van nie-rente uitgawes uitmaak in die 2000/2001 begroting.

Die Gini koëffisient vir Suid Afrika (in 'n vergelykende studie gedoen deur Saunders, Scott and Hobbes) is 0,57 waar dit beter is en minder ongelykheid in inkomstes toon hoe nader dit aan nul beweeg- met die Bahamas teen 0,63 as die hoogste en Taiwan teen 0,27 as die laagste en die "mees gelyke" land. Vertikale ekwiteit in Suid Afrika behoort 'n doel te wees in enige benadering tot belastinghervorming. In die 1997 World Competitiveness Yearbook is Suid Afrika sewe-en dertigste uit ses-en veertig lande op die lys van lande met 'n "gelyke verdeling van inkomste", terwyl in die 2001 uitgawe van dieselfde boek gaan slegs 2,90% van huishoudingsinkomstes na die laagste 20% van huishoudings terwyl 64,8% van inkomste na die hoogste 20% van huishoudings toe gaan.

Persentasie van huishoudingsinkomste na laagste/hoogste persentasie van huishoudings: (op transparant)

	Laagste 20%	Hoogste 20%
Suid Afrika	2.90	64.80
VSA	5.20	46.40
VK	6.60	43.00
Frankryk	7.20	40.20
Slovak Republiek	11.90	31.40
Oostenryk	10.40	33.30
België	9.50	34.50
Denemarke	9.60	34.50
Japan	10.60	35.70
New Zealand	2.70	46.90
Brazilië	2.50	63.80
Chile	3.50	61.00
Colombië	3.00	60.90

Suid Afrika het dus, wat die boonste 20% van huishoudings betref, die mees ongelike verdeling gehad en 'n "belasting op rykdom" sou aangewese wees.

Die ander probleem wat die minister gehad het was dat hy nie bloot die koerse van individue verder kon verhoog nie aangesien hulle bydrae tot die belastinglas proporsioneel tot ander belastingpligtiges te groot geword het.

Individue in Suid Afrika word teen progressiewe koerse belas. Oor die afgelope dekades as gevolg van inflasie, verbeterde vergoedingspakkette en meer doeltreffende belastinginvordering het meer en meer individue se belasbare inkomstes in die hoër koersbande inbeweeg wat 'n swaar las op die belastingpligtiges geplaas het. In 1994 is veral die inkomstegroep tussen R20 000 en R80 000 geïdentifiseer wat 70 % van alle persoonlike belasting betaal (Suid Afrika 1994). Hierdie groep bestaan hoofsaaklik uit salaristekkers en

privaatsektor pensioentrekkers. Die styging het 'n probleem geskep, aangesien nie net inkomstes opgegaan het sedertdien nie, maar uitgawes ook en die belastingkoerse het nie hiervoor voorsiening gemaak nie.

Die Katz Kommissie het ook aangedui dat die ekonomiese groei benodig deur Suid Afrika ten minste die vermindering van meeste marginale individuele koerse sowel as 'n verminderde direkte persoonlike inkomstebelastinglas moet oorweeg. (Suid Afrika 1994:11)

'n Vergelyking van die bydraes tot Staatsinkomste in 1994 en 2001 wys dat die bydraes deur individue met meer as 10% toegeneem het sedert 1994 ten spyte van sekere verminderings in maksimum koerse en vlakke:

	1994	2001
Individue	39%	43%
Maatskappye	13%	14%
BTW	26%	24%
Doenane en aksyns	26%	24%
Ander	7%	2%

(Mittner 25 Feb 2000:7)

Suid Afrika ondervind egter ook 'n voortdurende eksodus van opgeleide professionele persone en verder lei hoër belastingkoerse tot uitgebreide belastingontduikingskemas. Dit was dus duidelik dat, om die toenemende armoede aan te spreek die Minister nie individuele belastingpligtiges se belastingkoerse verder kon verhoog nie en hy het toe ook die koerse aansienlik verlaag deur die maksimum koers te verminder vanaf 45% na 42% en die drempels vanwaar die koerse van toepassing is aansienlik te verhoog.

Die Staat kan ook nie die BTW koers te veel verhoog nie want dit sou weer politieke reperkussies hê. Mittner (2000:7) het aangedui dat slegs 'n een per sent toename in die BTW koers in die 2000 Begroting al 'n addisionele inkomste van tussen R3,5 tot R4 miljard sou lewer wat baie effektiewer en makliker ingevorder sou kon word as sekere ander belasting. 'n Toename in die BTW koers sou egter nie polities aanvaarbaar wees nie aangesien dit beide arm en ryk belas.

Die Katz Kommissie (Suid Afrika 1994:113-119) het BTW oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat koersverhogings negatief op die armes sal inwerk en herverdeling van rykdom kan belemmer. Persentasiegewys betaal die armes 8,8 persent van hul inkomste aan BTW terwyl die huishoudings met 'n hoër inkomste net 4,9 persent bydra.

Die koerse waarteen maatskappye belas is is net voorheen verminder in 'n poging om investering te trek en globaal Suid Afrika meer aanvaarbaar te maak. Verligting vir armoede kon ook nie daar gesoek word nie.

Minister Manuel moes dus 'n ander belasting vind en het op kapitaalwinstbelasting besluit.

EKWITEIT:

"The fundamental issue is whether a capital gains tax complies with the conventional wisdom that taxes must be equitable and economically and administratively efficient" (Steenekamp 2000:798).

Die basiese norme waaraan 'n belastingstelsel moet voldoen is reeds in 1776 deur Adam Smith in sy *Wealth of Nations* bepaal as synde regverdigheid (of ekwiteit), sekerheid, gerieflikheid en ekonomie. Die eienskap wat vanaand oorweeg word is die van ekwiteit of regverdigheid. Dit beteken basies dat die inwoners/gebruikers van elke Staat tot die Staatsinkomste moet bydra in verhouding tot elkeen se vermoë.

Regverdigheid, gelykheid, regstellende aksie, konstitusionele regte tot gelyke behandeling, herverdeling, ekwiteit. ... Alledaagse terme in die Suid Afrika van die een-en-twintigste eeu. Die Staat sorg of moet nou sorg dat gelyke behandeling van individue plaasvind. Geen diskriminasie is meer moontlik op grond van ras, geslag of gestremdheid nie. Die Staat bereik dit deels deur wetgewing. Wetgewing vir skole, welsyn, konstitusionele en arbeidswetgewing. Dan ook deur die belastingwetgewing wat egter nog altyd daar was vir die herverdeling van inkomste en die "gelyke hantering van soortgelyke" belastingpligtiges.

Ekwiteit vir belastingdoeleindes bestaan uit twee komponente:

"Vertikale ekwiteit" en "Horisontale ekwiteit".

VERTIKALE EKWITEIT:

"Vertical equity requires that those in different circumstances bear appropriately different tax burdens, ie that those with a higher level of "economic wellbeing" shoulder greater tax burdens than those less fortunately placed. Underlying both these notions of equity [horizontal and vertical equity] is the idea of equal sacrifice." (Neutrality and equity in taxation 1990:161 – Meade Kommissie).

Belastingpligtiges met verskillende omstandighede kan nie dieselfde belasting betaal nie. Byvoorbeeld: 'n individu wat net genoeg verdien om maandeliks vir kos en skuiling te betaal kan nie teen dieselfde koers belas word as 'n persoon wat twintig keer soveel verdien nie of, net so belangrik, as 'n maatskappy wat miljoene verdien nie.

Vertikale ekwiteit sal die herverdeling van rykdom voorsien wat nodig is om daardie gedeelte van die samelewing te onderhou wat minder bevoorreg is. Mirrilees (1979:1) sê dat die herverdeling van rykdom die

oorsaak is vir die komplekse belastingstelsels aangesien nie een van die ander doelstellings van belasting (naamlik heffing van gelde vir publieke fondse en die rig van private agente se aksies) 'n komplekse stelsel vereis nie. "Income redistribution ...has to do with the lessening of perceived inequalities in personal economic welfare, and must proceed from an ethical preference for egalitarianism." (Mirrilees 1979:1)

Om rykdom te verdeel is 'n progressiewe belastingstelsel nodig waar die hoër inkomstes teen hoër koerse belas word as die inkomstes van persone met aansienlik minder. Dit verseker dat die "rykes" proporsioneel meer bydra as die armes of "minder welaf". Progressiewe koerse is al baie gekritiseer aangesien daar 'n aantal probleme daarmee is. Die grootste probleem is om te bepaal presies hoe hoog die koerse moet gaan en teen watter belasbare inkomstes hulle van toepassing moet wees. Indien die koerse te hoog is sal die verdieners van potensiele hoë inkomste, sodra in hul behoeftes vir lewenskoste en luuksheide voorsien is, verkies om hul tyd op stokperdjies of buite-werkaktiwiteite te spandeer eerder as op werk wat, alhoewel dit hulle vergoed, 'n te hoë gedeelte van hul insette as belasting vir herverdeling eis.

Daar kan dus 'n groot disinsentiewe effek wees in progressiewe koerse vir die verdieners van 'n hoë inkomste. Dit lei ook tot 'n disinsentief vir die ontvanger van die welsyn om 'n werk te vind en vol te hou daarmee teenoor die blote ontvang van die welsynsbedrag maandeliks of weekliks. Dit lei op sy beurt weer tot die afname van die vaardighede van die welsynsontvanger.

'n Ander kritiek van progressiewe koerse is dat in inflasionêre tye dit oor 'n tydperk die las op individuele belastingpligtiges baie verswaar soos bespreek in die vorige paragrafe. Die Katz Kommissie (Suid Afrika 1994:12) het ook aangedui dat hulle glo dat die bepaling van die korrekte balans van progressiwiteit in ons belastingstelsel een van die grootste uitdagings vir belastinghervorming in Suid Afrika is.

Katz het die 2000 Begroting (De Loittes "Budget Breakfast") as die "most tax-reform-centred budget... designed in every feature to achieve equity" gelooft.

Wetgewing ten opsigte van Kapitaalwinstbelasting dra by tot vertikale ekwiteit:

It is common cause that capital gains accrue disproportionately to higher income individuals. Thus, including capital gains in taxable income contributes to the progressivity of the income tax system, while enabling government to pursue other tax policy objectives premised on widening tax bases and reducing standard tax rates.

(Grote & Fletcher 2000: 788,789)

Die voordeel van die nuwe wetgewing was deur Katz gesien as die vernouing van die gaping tussen kapitaal en inkomste en sodanig sal dit makliker word vir SAID om inkomste/winst te belas en dit sal ook doeltreffendheid van die belastingstelsel verbeter deur sekere vermydingsskemas stop te sit. (De Loittes Budget Breakfast 2000). Grote and Fletcher (2000:786) het ook gesien dat die belastingwetgewing die belastingbasis sal verbreed en, sodanig uiteindelik die koersstruktuur verlaag. Hulle dui verder aan dat,

“... although introduction of a capital gains tax is most often justified on fiscal equity grounds, ... it [also] widens the income tax base, secures the existing base by limiting tax avoidance activities, improves equity and reduces investment distortions.” (2000:787).

Verder het die Internasionale Monetêre Fonds die instelling van kapitaalwinst sterk ondersteun en gesê: “the high degree of inequality in the country and the sophistication of its financial markets made it particularly urgent. (It) ...would rectify a deep weakness of the South African tax system. (Capital gains tax and valuations www.valuer.co.za)

Die kapitaalwinstkoerse sal slegs 25 per sent van die kapitale wins belas maar teen marginale koerse van tot 42 per sent is dit 'n effektiewe maksimum koers van 10,5 persent van die werklike wins vir individue. Dit is veilig om te sê dat die maksimum koers van toepassing op 'n sekere individu sal die een wees waarteen sy kapitale winste belas gaan word aangesien die wins tot sy belasbare inkomste gevoeg word in die jaar waarin dit vervreem is. Trusts betaal teen 'n effektiewe koers van 21 persent en maatskappye teen 15%.

Steenekamp (2000:799) beweer dat die belasting hoofsaaklik op ekwiteitsargumente gebaseer is aangesien:

“... capital gains are earned disproportionately by high income groups, a tax on capital gains could be construed as an effective redistributive mechanism ...[and although the tax]... is unlikely to have much of an impact on the degree of inequality, it may at least create the perception that something concrete is being done to reduce inequality”.

'n Ander probleem hiermee is dat die belastingpligtige dalk juis in die hoër belastingkoersband is omdat hy die groot kapitaalwinst daardie jaar gerealiseer het ten spyte van die feit dat slegs 25 per sent van die wins belas word.

Die volgende elemente van die kapitaalwinstbelasting word geag vertikale ekwiteit te bevorder (Paragraaf verwysings is na die Agtste Bylae van die Inkomstebelastingwet no 58 van 1962):

- a) Dit is duidelik uit die berekening van kapitaalwinsbelasting dat dit die hoër inkomste individue is wat belasting teen maksimum koerse betaal, wat die meeste kapitaalwins sal betaal.
- b) Elke individu kry net R10 000 per jaar as uitsluiting uit sy kapitaalwinste. Die R10 000 word direk van die kapitaalwinste afgetrek maar voor die 25% insluiting bereken word (par 5). Hierdie 25% insluiting is net op natuurlike persone en spesiale trusts van toepassing. Maatskappye en ander belastingpligtiges het 'n insluitingskoerse van 50%. In die Verenigde Koninkryk word kapitaalwinste belas teen 'n gyskaal en 'n gedeelte word teen 20% en 'n ander gedeelte teen 40% belas. Verder is die eerste 7 500 pond van elke individu se kapitaalwinste jaarliks vrygestel feitlik tien keer meer in Randterme as die R10 000 aan Suid Afrikaanse belastingpligtiges gegee.
- c) Kapitaalverliese word "omhein" ("ringfenced") en kan net teen ander kapitaalwinste afgespeel word sodat normale inkomste nie daardeur verminder word nie.
- d) Belastingbeplanners gebruik dikwels maatskappye en trusts om inkomste te verdeel, belasting te minimiseer en om laer koerse vir hoër inkomstebelastingentiteite te beding maar par 11 ag dit 'n kapitaalwins te wees wanneer 'n belang in 'n trust gevestig word of 'n bate deur 'n maatskappy aan 'n aandeelhouer verdeel word en dit verminder ook die belang van 'n persoon in 'n maatskappy, trust of vennootskap (normaalweg ten opsigte waarvan die wetgewing 'n "value shifting arrangement" noem).
- e) Privaatgebruiksates word uitgesluit van Kapitaalwinsbelasting maar sekere luukse- en beleggings- "privaat gebruiksbates" word uitgesluit van die uitsluiting (par 53(3)). Verder word die kapitaalverliese op hierdie bates geignoreer. Dit beïnvloed die meer welaf belastingpligtiges wat vliegtuie en bote en die ander luukse items in die paragraaf genoem, besit.
- f) Hoër waarde bates vereis waardasie en die Suid Afrikaanse Inkomstediensie benodig geskrewe bewys van 'n waardasie in die eerste opgawe ingedien vir die jaar van aanslag geëindig na 30 September 2003. Dit sluit in waardasie van ontasbares (R1 miljoen) en hoë waarde (R10 miljoen) bates sowel as wanneer die markwaarde van alle ongenoteerde aandele gehou R10 miljoen oorskry.
- g) Geen voorsiening word vir die invloed van inflasie gemaak nie. Die wins word bereken op die verskil tussen die basiskoste met 'n tydtoedelingsbasiskoste wat die wins verdeel tussen voor-en – na 1 Oktober 2001 ingevolge 'n formule, maar dit neem nie inflasie in ag nie. In die Verenigde Koninkryk word 'n sogenaamde "taper relief" gegee ten opsigte van bates verkry

voor 1998 en die individu se vrystelling word vergroot met die prysindeks. (Tolley 1999:67)

- h) Geskenkebelasting en boedelbelasting is steeds betaalbaar op hierdie bates – sien ook by horisontale ekwiteit.

Aangesien die vrystelling op geskenkebelasting R30 000 per jaar en die korting vir boedelbelastingdoeleindes R1,5 miljoen is, is dit duidelik dat dit die “ rykes” is wat ook hieraan onderhewig sal wees vir herverdeling van inkomste.

- i) 'n Wins op die verkoop van 'n primêre woning word vrygestel tot 'n maksimum van R1 miljoen per woning, nie per belastingpligtige nie en die eiendom mag nie groter as 2 hektaar wees, of gebruik word vir besigheid nie anders moet die vrystelling pro rata toegedeel word.

In die Verenigde Koninkryk is 'n 40 000 pond kapitaalwinst vrystelling gegee wanneer die familiewoning verhuur word en beide die man en die vrou het 'n aparte jaarlikse kapitaalwinstvrystelling. Verder kan elkeen die 20% besparingskoers op die winste gebruik en die gesamentlike eienaarskap van 'n tweede huis kan daar die kapitaalwinst op 'n eventuele verkoop verminder (Tolley 1999:67). Geen vrystelling word in Suid Afrika gegee op 'n tweede huis nie.

HORISONTALE EKWITEIT

Waar vertikale ekwiteit essensieël die ongelyke behandeling van ongelykes is, is horisontale ekwiteit die gelyke behandeling van gelykes.

“... the traditional principle of equity, taken to mean 'equal treatment of equals' is logically separate from the more recent notion of horizontal equity which suggests that the relative positions of individuals' before and after-tax income be maintained for horizontal equity to be achieved.” (Berliant & Strauss 1985:179,180).

“Equal tax treatment of persons in the same economic circumstances” (Hettich 1983:417).

Horisontale ekwiteit in kapitaalwinstbelasting:

Kapitaalwinstbelasting is betaalbaar deur individue op 25% van die wins nadat 'n jaarlikse vrystelling van R10 000 afgetrek is.

Dit word dan egter belas teen die individu se maksimum belastingkoers wat, as gevolg van die inflasie en “bracket creep” voorheen bespreek, dikwels 42% sal wees. Al werk dit dan uit op 'n maksimum van 10,5%

vir individue (teenoor 15% vir maatskappye ens) is dit 'n definitiewe addisionele las en kom dit uit die voorheen amper ontasbare wins – die van kapitaal.

Die belasting is natuurlik net betaalbaar met die vervreemding van 'n bate en as sulks kan 'n mens redeneer dat dit bestuur kan word. 'n Persoon kan kies wanneer hy/sy van 'n kapitaalbate wil ontslae raak. Verder affekteer dit nie horisontale ekwiteit nie, want alle belastingpligtiges betaal immers belasting op die omskryfde kapitaalwinste. Vir individue is die belasting teen 'n laer insluitingskoers (25%) as vir byvoorbeeld maatskappye (50%) en dit sal moontlik die ekwiteit voorsien deurdat 'n individu teen 'n glyskaal belas word wat hoër kan wees as die vaste 30% koers van maatskappye. (Vir doeleindes van hierdie studie is die sekondêre belasting op maatskappye wat gehêf word teen 12,5% van dividende verklaar, buite rekening gelaat – daar is na die bruto kapitaalwinstbelastingkoerse gekyk).

Verder affekteer dit seker nie belasting tussen individue nie, want indien die glyskale wat vertikale ekwiteit voorsien en die omskrywing van belastingpligtiges en keuse van belastingeenhede korrek/ aanvaarbaar is, sal daar tog ook horisontale ekwiteit tussen individue wees aangesien hulle teen dieselfde vrystellings- en insluitingsbedrae belas gaan word.

Daar is egter probleme met sekere aspekte van die Wetgewing. Byvoorbeeld kapitaalverliese kan nie teen ander belasbare inkomste afgesit word soos wat kapitaalwinste daar bygetel word nie. Nee, dit moet oorgedra word totdat die individu weer kapitaalwinste het. 'n Maatskappy het nie die beperking nie en dit kan lei tot ongelukheid in belasting. 'n Individu kon een jaar van aanslag byvoorbeeld 'n groot kapitaalwinst gemaak het en dan in 'n daaropvolgende jaar die kapitaalverliese – dalk met beeindiging van sy besigheid. In die geval vorder die Ontvanger wel die belasting op die wins in maar die verlies moet ontstaan totdat 'n kapitaalwinst weer gemaak is en die individu se kontantvloei word nadelig beïnvloed.

Verder het baie individue as 'n belasting en algemene finansiële beplanningshulpmiddel baie van hulle bates oorgedra na trusts en maatskappye. Ander hou weer die bates en maak die winste in eie naam. Dit affekteer egter ook nie horisontale ekwiteit nie want as die bate vervreem word, word kapitaalwinstbelasting betaal hetsy deur 'n trust of 'n maatskappy.

In die algemeen word die behandeling van belastingpligtiges, wat kapitaalwinstbelasting betref, as regverdig beskou en dus gee dit aanleiding tot horisontale ekwiteit. Dit is egter wanneer 'n persoon te sterwe kom wat daar nou 'n addisionele belasting op kapitaal ter sprake is.

"(Capital gains tax) ...is going to have a material impact on the way estate planning is conducted going forward, and will also make it imperative that historical plans are re-examined to establish if they are still effective and whether there is a better way of doing things." (Mazansky 2002).

Boedelbelasting en belasting op geskenke was voorheen die enigste belasting wat kapitaal aangetas het:

Belasting op geskenke was betaalbaar deur die skenker teen 25% van die waarde van die geskenk maar na die aftrekking van 'n jaarlikse korting van R25 000. Deur middel van rentevrye lenings kon die belasting dikwels so "bestuur" word dat dit minimale invloed op individue gehad het. Na instelling van kapitaalwinsbelasting is die vrystelling steeds daar – maar dit is verhoog na R30 000 per jaar en die koers is verminder met 5% sedert 2002. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n verligting in kapitaalwinsbelasting indien die belasting op geskenke betaal is.

Boedelbelasting teen dieselfde koers as belasting op geskenke tot 1 Oktober 2001 het eers 'n invloed gehad as die nettowaarde van die boedel R1 miljoen oorskry het. Die R1 miljoen korting is voorheen beskou as baie vrygewig want dit was baie vir 'n persoon om in sy leeftyd te versamel en min mense was onderhewig aan die belasting.

Met die toenemende inflasie en gepaardgaande styging in byvoorbeeld eiendomspryse is 'n R1 miljoen of selfs 'n R2 miljoen boedel nie meer so vergesog vir selfs 'n salaristrekker wat suinig of net versigtig lewe en van tyd tot tyd sy eiendom opgradeer na 'n beter area of beter eenheid nie.

As daar net sprake is van 'n woonhuis as bate in die boedel sal daar wel boedelbelasting betaal word maar die wins op die woonhuis is vrygestel – weereens tot 'n maksimum van R1 miljoen –van kapitaalwinsbelasting en in die geval sal daar nie dubbelbelasting wees nie.

Die probleem is dat met afsterwe 'n individu geag word al sy bates te vervreem het teen markwaarde op datum van afsterwe en by die individu se laaste belastingopgawe moet dan ook kapitaalwinsbelasting op al die winste betaal word. Hier word darem die addisionele R40 000 kapitaalwins vrygestel saam met die R10 000 per jaar sodat 'n boedel in totaal die eerste R50 000 kapitaalwins vry van kapitaalwinsbelasting kry. Daar is ook die R1 miljoen ten opsigte van die primêre woning wat vrygestel is. Die bates word dan aan die boedel vervreem teen daardie markwaarde en indien uitgekeer aan erfgename of legate, is daar nie verdere kapitaalwins in die boedel betaalbaar nie. Indien die boedel die bates egter vervreem aan ander persone, gaan die boedel weer op sy beurt kapitaalwinsbelasting moet betaal op die verdere groei in die kapitaalwins van daardie bates. Verbande en ander lenings word nie in ag geneem vir die berekening van kapitaalwinste nie en daar kan dus

likiditeitsprobleme ontstaan met vervreemding van 'n bate teen 'n hoë wins.

Vereenvoudigd: is boedelbelasting betaalbaar op alle eiendom soos omskryf in die Boedelbelastingwet, no 45 van 1955 wat aan die ooredeene behoort het op datum van sy afsterwe minus skuld, sekere kostes en erflatings aan sekere instansies en die langsewende eggenoot/ote nadat die R1,5 miljoen korting afgetrek is. Dit is dus alles na skuld en langsewende eggenoot se erforsie wat meer is as R1,5 miljoen.

Die erflating van die woonhuis of ander hoë waarde bates aan die langsewende eggenoot kan dus die betaling van boedelbelasting uitstel tot die afsterwe van die langsewende eggenoot plaasvind wanneer daar weer 'n R1,5 miljoen korting beskikbaar sal wees. Sodoende word R3 miljoen vrystelling van boedelbelasting vir 'n egpaar bewerkstellig waar ander individue slegs R1,5 miljoen kan kry. As die langsewende eggenoot egter die huis erf en die eiendom in waarde toeneem tot die eggenoot se afsterwe, is daar ook net die R1,5 miljoen vrystelling beskikbaar.

Voorheen is boedelgroei beperk deur die gebruikmaking van trusts: Bates word aan die trust verkoop op lening. Al die "boedel"-groei vind in die trust plaas en die boedel het net die waarde van die lening vir boedelbelastingdoeleindes. Trusts het egter nog altyd hul eiesoortige probleme gehad. – die eienaar verloor beheer oor sy bates, belasting op trust inkomste is baie kompleks en dikwels is skenker van trustbates steeds aanspreeklik vir die inkomstebelasting op die inkomste uit daardie verkoopte bates. Verder moes die trustkontrak keurig opgestel word en daar was verskeie administratiewe kostes aan verbonde. Die reëling was lankal 'n doring in die vlees vir die Inkomsteowerhede en die afgelope aantal jare sien ons 'n al swaarder belastinglas op die trusts. Hulle word dan ook apart in die Agste Bylae benader en baie swaarder belas op kapitaalwinste as individue. Aangesien die trust maklik as 'n vermydingsinstrument gebruik kan word dra hierdie swaarder belastinge dan ook net by tot horisontale ekwiteit.

Nou kom nog 'n belasting by met 'n ingewikkelde wetsbylae wat dikwels kundige hulp gaan benodig beide vir interpretasie en hulp met beplanning van sake om so (eerlik) belasting so laag as moontlik te hou.

Ander aspekte tov horisontale ekwiteit:

Maatskappye word bevoordeel ten opsigte van kapitaalwinstbelasting in dat :

- geen boedelbelasting ooit betaalbaar is nie;
- hulle dikwels vrygestel is van geskenke belasting;
- inkomste word teen 'n laer koers belas (simplisties gesien want as gevolg van sekondêre belasting op maatskappye en glyskale is dit nie altyd so nie);

- Die maatskappy het egter die voordeel dat 'n inkomstegenererende bate nooit oorgedra hoef te word en dus kapitaalwins genereer nie. Dit is dus nie elke aantal jare onderhewig is aan kapitaalwinsbelasting nie;
- Die batewaarde "groei" weliswaar steeds en die basiskoste bly dan laag sodat die uiteindelijke vervreemding wel ook aanleiding sal gee tot dieselfde kapitaalwins, maar geen addisionele las ten opsigte van boedelbelasting bestaan nie.
- Vir individue wat byvoorbeeld 'n plaas besit wat in die geslagte geërf word, is daar die las van kapitaalwinsbelasting sowel as boedelbelasting elke keer wanneer die eienaar sterf. 'n Maatskappy het nie een van die laste nie. Dit is wel so dat die aandele wat van geslag tot geslag oorgedra word dieselfde las het van boedel- en kapitaalwinsbelasting. Die dubbele las bly dus steeds op individue.

Bogenoemde beteken dat daar nie horisontale ekwiteit tussen maatskappye en individue is wat betref die hou en bestuur van kapitale bates nie.

Die hantering van kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting in sekere ander lande:

Wat is die situasie in ander lande ten opsigte van kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting met afsterwe?

In die Verenigde Koninkryk is Kapitaalwinsbelasting ook betaalbaar met vervreemding van bates maar sekere bates kwalifiseer vir die sogenaamde "taper relief" wat basies toegewings maak vir inflasie op bates verkry voor 1 April 1998. Verder is daar geen kapitaalwinsbelasting met afsterwe nie en die begunstigdes van 'n boedel word geag die bates teen markwaarde op datum van afsterwe te kry. Die Eerste 7500 pond van 'n individu se nettowinste is vrygestel en die res belas teen 10% (eerste 1880pond), 20% (die volgende 27520 pond) en 40% op die res. Oordragte tussen eggenotes is nie onderhewig aan KWB nie.

Boedelbelasting in Engeland (sogenaamde "inheritance tax") word gehef op enige belasbare oordrag van waarde wat ook geskenke insluit. Met afsterwe is die koers 40% van die boedel, geskenke teen 20% maar skenker moet bly leef vir 7 jaar na die skenking anders word 'n verdere 20% gehef. Daar is 'n sogenaamde "nil rate band" vir elke individu wat bates kan oordra tot 'n maksimum van 250 000 pond vir sy lewe. Daar is ook vrystellings byvoorbeeld geskenke aan eggenotes ens. Oordragte van boerdery grond/eiendom kan vrystelling van IHT kry van 50% of 100%. (Belcher and Richards 2002).

In die Verenigde State van Amerika word of kapitaalwins of boedelbelasting betaal. Die maksimum koers vir kapitaalwins is 20% en boedelbelasting word gehef teen glyskale met 'n maksimum van 55%

(op boedels van \$3 miljoen of meer) na die "lifetime unified gift and estate tax credit van \$675 000. Gewone inkomstebelasting koerse is vanaf 15% tot 39,6%. Geen kapitaalwins word betaal met afsterwe nie en die erfgename kry die bates teen markwaarde op sterfdatum. Daar is egter sprake van die afskaffing van boedelbelasting en dan skop kapitaalwinsbelasting in teen die basiskoste vir oorede. Minder as 1,9% van die 2.3 miljoen persone wat in 1997 byvoorbeeld gesterf het moes enige boedelbelasting betaal (Byrnes, 2000). Daar is ook sprake van verligting aan boere en kleinbesighede.

Ter afsluiting:

Die baie verskillende wette wat handel met belastinge en die voortdurende wysigings daaraan sowel as die toenemende gekompliseerdheid van baie van die wysigings stel 'n groot uitdaging aan almal wat met belasting gemoeid is en die ingewikkelde wetgewing affekteer telkens individuele finansiële beplanning en ook boedel- en aftreebeplanning om die mees belastingeffektiewe metodes te vind.

As dosente, kenners en konsultante in belasting is dit die godgegewetaak eerstens, nie net om die letter van die Wet aan studente en belastingpligtiges oor te dra nie, maar om so op te lei en op te tree dat die opdrag van en die sin agter belasting verstaan word. Dan is dit sinvol om ingeligte belastingkundiges die wêreld in te stuur wat verantwoordelik nie elke sinnelose belastingtruuk navolg nie, maar, behoorlik ingelig vir die kliënte die mins moontlike belasting opsie te kan kies terwyl ander eise van finansiële beplanning in gedagte gehou word en sodoende die hele samelewing bevoordeel word.

Belastingstudente moet dit ook dan as 'n roeping sien wat uitgeleef kan word dieselfde asof hulle van 'n kansel af preek. My hoop en visie vir belasting opleiding aan ons instelling is dan ook om nie net behoorlike bemeestering van kennis en toepassing daarvan te leer nie, maar ook die dieper taak van Christengelowige in uitvoering van sy dagtaak as insig te gee.

Ek dank u

BIBLIOGRAFIE

- Berliant, M C & Strauss, R P 1985. The horizontal and vertical equity characteristics of the federal individual income tax 1966-1977, from David, M & Smeeding, T 1985. Horizontal equity, uncertainty, and economic well-being. Chicago: University of Chicago Press:179-215.
- Coetzee, K. 1995 Horizontal equity in the taxation of the income of individuals in the Republic of South Africa subsequent to the submission of the Margo report. D Compt thesis. University of South Africa
- Coetzee, K. 1998 Vertical equity in South Africa.- A necessity for equality. Tax Planning. Vol 12, no 4 August 1998:89-91.
- Calitz, E 2000. Fiscal implications of the economic globalisation of South Africa. The South African Journal of Economics, Vol 68:4. 2000 December. 564-600.
- De Loittes Budget Breakfast 2000
- Grote,& Fletcher 2000. Capital gains tax in South Africa. The South African Journal of

- Economics Vol 68:4. 2000 December:786-797.
- Hettich, W 1983. Reforms of the tax base and horizontal equity. National tax journal, 36(4), December: 417-427.
- Homer A,& Burrows, R 1999 Tolley's Tax Guide 1999-2000 Tolley Publishing England
- Meade Commission 1996. Neutrality and Equity in taxation.
- Mirrlees, R I 1979. A systematization of the theory of tax reform and its relevance for the South African income tax. M Comm thesis. University of South Africa. Pretoria.
- Mittner, M Selde werklike belasting verligting Sake Beeld Vry 25 Feb 2000:7.
- Rothbard, M.N. 1962. Man, economy and State – a treatise on economic principles. Vol 1 & 2 . New Jersey: D Van Nostrand Company, Inc princeton.
- Saunders, P, Scott, H and Hobbes, G. 1991 Income inequality in Australia and New Zealand: International comparisons and recent trends, Review of income and wealth :37:63-79
- South Africa. Taxation laws amendment Bill. 2001 (2 March 2001)
- South Africa White paper social welfare
- South Africa Interim report of the Commission of inquiry into certain aspects of the tax structure of South Africa. (Katz report) 1994
- South Africa. Boverment Gazette. Vol 386, No 18166. 8 August 1997. White Paper for social welfare
- Steenekamp, T J 2000. Good tax practice and taxing capital gains The South African Journal of Economics. Vol 68:4. 2000 December. 798-804.
- Uys, Pieter Dirk. Financial Mail Vol 162 No 3.
- Varian, 1987 The new Palgrave. A dictionary of economics. Ed by Eatwell et al. London: Macmillan.
- World Competitiveness Yearbook 1997